



# Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut

Posbus 1710, Rivonia, 2128

Tel: 011 803-2681. Faks: 0866 199 133.

E-pos: [office@translators.org.za](mailto:office@translators.org.za) Web: [www.translators.org.za](http://www.translators.org.za)

## MEDIAVERKLARING

Vir onmiddellike vrystelling

29 September 2009

## Vertalers teken beswaar aan oor Limpopo-polisie se taalbeleid

In hierdie dae wat ons Erfenismaand vier, voeg die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut sy stem by die beswaar wat aangeteken is deur Suid-Afrikaanse Polisie Unie, die burgerregte-organisasie AfriForum en die Afrikaanse Taalraad teen die eksklusiewe gebruik van Engels as onderrig- en kommunikasietaal in die Suid-Afrikaanse Polisdienste in Limpopo. AfriForum het 'n formele klag by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) ingedien in reaksie op die adjunk- provinsiale polisiekommissaris van Limpopo se bevel dat die taalmedium vir polisiemane en -vroue in hierdie provinsie voortaan slegs Engels sal wees. Hy het gelas dat SAPD-lede alle polisdossiere in Engels moet aanlê, registreer en ondersoek, dat alle verklarings in Engels afgeneem moet word en alle inskrywings in die ondersoekdagboek in Engels moet wees.

Die feit dat so 'n bevel gemaak word in 'n provinsie waar, volgens die sensus van 2001, Engels die negende plek beklee uit elf huistale wat in Limpopo gepraat word, is uiteraard diskriminerend. Nie net word die taalregte van die inwoners van hierdie provinsie benadeel nie, maar die bevel is 'n duidelike minagting van die taalbepalings in die Grondwet en die regering se taalbeleid. Daarbenewens moet in ag geneem word dat die SAPD se taalbeleid inderdaad voorsiening maak vir die gebruik van Engels en een ander amptelike taal.

Alhoewel daar tans nog nie taalwetgewing is wat taalgebruik in sulke gevalle voorskryf nie, dui die regering se Raamwerk vir 'n Nasionale Taalbeleid daarop dat taalbeleid by plaaslike omstandighede aangepas moet word en altyd die gebruik van meer as een taal moet vereis. Staatsliggame behoort die pas aan te gee wat die gebruik en ontwikkeling van die voorheen benadeelde inheemse tale betref en nie meehelp om hierdie bepalinge te ondermyn nie. Die SAPD se bevel in 'n provinsie waar die meerderheid van die mense nie Engels as huistaal gebruik nie sal ongetwyfeld lei tot die miskenning van regte en moet daarom veroordeel word as 'n voorbeeld van swak taalbestuur deur die Suid-Afrikaanse Polisdienste.

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut doen 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Polisdienste in Limpopo om sy bevel te heroorweeg. Die SAPD en alle staatsdepartemente word aangemoedig om van die dienste van professionele taalpraktisyns gebruik te maak om taalgrense te oorbrug eerder as om eentalige praktyke te vestig wat 'n negatiewe uitwerking op hul dienslewering sal hê. Die Instituut wil ook 'n beroep op die publiek doen om aan te dring dat die SAPD doeltreffende taalbestuur moet toepas omdat die gevaar bestaan dat die bestuur van die SAPD die uitwerking van hulle besluit as onbelangrik sal afmaak as daar nie beswaar van voetsoolvlak af kom nie.

**Uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut ([www.translators.org.za](http://www.translators.org.za))**

**Kontak: Marion Boers 011 803 2681 [office@translators.org.za](mailto:office@translators.org.za)**

*Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut is 'n vrywillige beroepsliggaam wat meer as 750 taalpraktisyns in Suid-Afrika verteenwoordig.*